# Wawiel

Jaargang 35 Vol. 5






# Wapadrand

# INHOUD


INHOUD …..……………………………..…….. BL 2

STILTETYD……………………………...… BL 3

BESTUURSLEDE …………………….…….. BL 4

REDAKSIONEEL ……………………..…… BL 5

UIT DIE VOORSITTER SE PEN ……………… BL 6

SENIOR BURGERS …………………………… BL 7

JEUG ………………………………………….. BL 8

KWARTAALKAMPE ……………………………. BL 11

BELANGRIKE INLIGTING—SITRUSFEES BL 17

LIEF EN LEED …………….……....…. BL 18

VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS BL 20

RESEPTE ……………………………………….. BL 22

WOORDSOEK …………………………………. BL 24

JAARPROGRAM………………………………… BL 25

# STILTETYD

## *SPORE VAN HOOP*

Die skrywer Pieter Schreiber het hierdie stiltetyd boodskap eintlik bedoel vir die einde van 'n jaar. Maar ek wil dit tog deurgee aangesien baie van ons deur die jaar moeg is en nie net aan die einde van elke jaar nie.

"Ek is moeg Here. Dit is daardie tyd van die jaar, waar ons uitbranding ervaar. Dit was 'n rowwe jaar. Ek sug hard en sê ek is moeg Here, moeg vasgebyt, moeg van sterk wees, moeg vir die pyn en seer, moeg om te baklei vir oorlewing. Hou my vas Here, hou my stewig ge-anker teen die storms van die lewe.

Die Here antwoord my met Jesaja 40:29-30. "Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie. Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie".

*(Dankie Janetta vir die bydrae van hierdie stukkie).*



**Die 2024/2025 BESTUUR**

.

VOORSITTER REINARDT V RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za Sel: 082 332 7217



ONDERVOORSITTER ANDY TOERIEN
toeriena@vodamail.co.za Sel: 082 256 5044



SEKRETARESSE JANETTA TOERIEN
Wapadrand.sek@sawa.org.za
janettattoerien@gmail.com Sel: 082 325 5634



PENNINGMEESTER LYNETTE V RENSBURG
lynettevanrensburg3@gmail.com
Sel: 082 068 6517



ADDISIONELE LID DALEEN PIENAAR
pienaars@netactive.co.za Sel : 082 848 7478



ADDISIONELE LID GERALDINE MüLLER
NUUSBRIEFREDAKTEUR
muller.sj@outlook.com Sel: 083 490 3588



# REDAKSIONEEL

Eerstens wil ek aan almal van julle baie dankie sê vir jul bydraes tot die Wawiel. Julle maak dit vir my soveel makliker. Dankie Andy vir jou bydrae met die foto's. Ek het nooit gedink dat ek dit so baie sal geniet nie!

Soms gaan dit moeilik met die rekenaar se sleutelbord. Die Engelse US sleutelbord maak my partykeer warm onder die kraag….. wil nie altyd saamspeel nie, veral nie met die kappies, deeltekens ensovoorts nie—en dan sonder dat ek iets doen, spring die deeltekens, kappies en ander terug.

Ek het ook gewonder, dis nou nadat ek die resepte getik het, of ons Wapadranders nie 'n resepteboek moet saamstel nie. Ons almal het sekerlik 'n resep of twee waarvan ons baie hou. Wat dink julle?

Ek sien uit na al jul bydraes vir die Wawiel.

Geraldine

Redaktrise

**Uit die Voorsitter se pen**



Wapadranders

Ek glo en vertrou dit gaan goed met almal.

Indien daar enige lief of leed is, laat weet asseblief een van die bestuurslede of vir my.

Ons spog graag met die kleinkinders en kinders se prestasies.

Ons kon ongelukkig nie die kamp by Hartbeeshoek bywoon nie aangesien ek nog steeds in San Lameer werk.  Ek hoop almal het dit geniet.

Daar was 5 senior lede wat gekamp het en Vernon en René met hulle kroos, het die gewone lede verteenwoordig.

Dankie aan elke gesin wat getrou kom kamp.

Lynette en ek wens julle ‘n geseënde Paastyd toe.  Almal wat met vakansie gaan gedurende die tyd moet dit geniet en veilig wees.

Groete

Reinardt

## SENIOR BURGERS

**Betekenis:**

**‘n Ouer of iemand met ‘n hoër posisie en meer ervaring as ander mense.**

**Met ons Senior Burgers gaan dit goed. Hulle kamp gereeld saam en hul maak die grootste gedeelte van die kampbywoning uit.**



Seppie, Geraldine, Rina & Gerrie



Janetta



Bettie



Eleanor, Andy, Dawie, Seppie, Danie en Gerrie

# JEUG

Met ons jeug gaan dit goed.  Ons het vier  jeuglede gehad wat die naweek saam gekamp het.

Hulle was Logan & Liam Müller en Hannah & Dawid de Villiers.

Hulle het heerlik saamgespeel, gehardloop, fietsgery, vleis gebraai en geswem.




Gelukkig het Dawid, Logan, Hannah en Liam net gemik en nie geskiet nie. Daardie ondeunde gesiggies spreek boekdele




Oupa Dawie moes ook  sy kant bring en het saam met die kleinspan gespeel.

## JEUG VERVOLG









## JEUG VERVOLG

Ons jongste braaiertjie—Dawid de Villiers.  Oupa & Ouma Mullins kan baie trots wees op hom.





# KWARTAAL SE KAMPE:

## MAART 2025 - HARTBEESHOEK



Ons het Vrydagoggend vanaf 11h00 aangekom by Hart-beeshoek en begin opslaan. Ons was 6 woonwaens waarvan 5 Seniors en 1 'n gewone lid was.

Hartbeeshoek is 'n heerlike plek om uit te span. Die pad was geskraap vir Vrydag se intog en geen geskud in die wa wat die ingelegde botteltjies kon laat breek het nie.

Janetta het dit reggekry om 2 privaat ablusies te bekom en dit was nie vir ons nodig om die gewone ablusie, wat bietjie ver was, te besoek nie.

Vrydag- & Saterdagaand het ons lekker saam gebraai.

Tafels het weer gekreun van die lekkernye. Ons het 'n ongeskeduleerde beurtkrag onderbreking gehad tydens die braai maar kampeerdes het altyd 'n plan en ligte was vinnig nader gebring.

Saterdag was dit maar 'n lui dag en almal het maar ge-doen waarvoor hul lus was. Sondagoggend het ons, soos dit die gebruik is by Hartbeeshoek, heerlike kolwyntjies ontvang. Daarna was dit boekevat en verversings het gevolg

.Almal het daarna begin oppak, maar ons moes ook darem eers bietjie wag want die vorige aand het dit heerlik gereën en die tente was nat.

Die jeugspannetjies het ons vermaak  met hul manewales.




Hier staan Dawid de Villiers, Logan Müller, Hannah de Villiers en Liam Müller.



Die bokkies het ons darem op ‘n gereelde basis besoek en Eleanor was braaf genoeg om nader te gaan.

**Ledigheid is die duiwel se oorkussing maar beslis nie hier nie!!!!**

Rina was besig om haar jassie te brei. Ek kan nie wag om die volledige jassie te sien nie.





Hier is Rina van Aswegen se eindproduk. Welgedaan!

Janetta het haar tee-doek nader getrek en begin hekel.




Geraldine was ook besig om aan haar huisiekombers te brei.



## Naweek foto's—en mooi herinneringe is gemaak



Warm water swembad



Andy Toerien heet almal welkom



Boekevat Saterdag-aand



BEURTKRAG?



Bettie Mullins besig om vleis voor te berei.





**Daar was ook gewerk die naweek. Andy Toerien en Danie du Plessis.**

**Bettie moes amper in die donkerte opskep, maar kampeerders maak altyd 'n plan.**



**Ons 2 D's. Dawie Mullins en Danie du Plessis**



**Dawie Mullins ontspan**



Wat belowe Eleanor hier?



Daaglikse take bly ook nooit agter nie.



Hier sit die manne by die "Royal Hotel", ag ek bedoel vuur!



Vernon & René Müller en Janetta Toerien.

# Hierdie was ons juniors wat gekamp het









**René, Vernon en Liam.**

**Dawid, Logan, Hannah en Dawie.**



## BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE SITRUSFEES—SOOS DEURGEGEE VANAF MARTIN RIX

Die sitrusfees is deur die organiseerdes gekanselleer!

Dieselfde naweek is die tradisionele Magaliesberg Monster Bergfietswedren. Ons het onderhandelinge met Buffelspoort voltooi en 63 staanplekke vasgemaak en R10k deposito betaal (die hele B-Blok) vir die Kampmalpromosie (ons wag net vir die tarief) gelyklopend met die naweek @ die SAWA tarief. Dus kamp jy òf Kampmal, Sondag 25 Mei in en Sondag 1 Junie uit teen die Kampmalterief (2 persone), of net die naweek, Vrydag 31 Mei in en Sondag 1 Junie uit teen die Sawatarief (6 persone). Vanaf Maandag 2 Junie is die B-blok gesluit, vir opknapping van die blok se ablusiekompleks.

Die saamtrek word herdoop as die BUFFELSPOORT KUIER-SAAMTREK, gelyklopend met die Magalies Monster Bergfietswedren. Inskrywings vir die fietswedren die oggend van die wedren, tariewe nog nie bekend.

Besprekingsvorms word vanaf Maart versprei sodra alle inligting bekend is.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN DIé VERWIKKELINGE

# LIEF EN LEED

**LIEF**:

SJ, kleinkind van Seppie en Geraldine Müller is deur na die SA's vir die 800m vir seuns onder 13.   Hy het toe 4de plek in die finaal gehaal.

Mieke & Shaun Swanepoel  - dogter en skoonseun van Reinardt en Lynette van Rensburg en Johan en Caron Swanepoel is weer terug in Pretoria na 'n jaar in Nelspruit.

Mieke Pienaar, dogter van Chris en Daleen Pienaar het na Nelspruit verhuis.  Hierdie is 'n moeilike een want ek dink dis meer 'n leed vir die ouers as 'n lief.

**LEED**:

Lynette en Reinardt se ma,  Eunice van Zijl, kry tans chemo en dit gaan elke dag beter met haar.

Reinardt se suster Karen Sterley, se man Mike, kry ook weer chemo.

Tertia Rix is ook nie gesond nie en vertrou dat sy eersdaag weer haar ou self sal wees.

Ons dra jul in ons gebede op.




| | | |
|---|---|---|
| April | 22 | Dawid de Villiers |
| | 24 | Hoepfner Wiese |
| | 26 | Dawie Mullins |
| | 29 | Caron Swanepoel |
| Mei | 3 | Janetta Toerien |
| | 3 | Natashia Rabie |
| | 14 | Gerrie van Aswegen |
| | 19 | Martin Rix |




***Eenkeer in 'n leeftyd ontmoet jy iemand spesiaal.***
***Iemand wat jou hart en siel aanraak.***
***Iemand saam wie jy kan lag en huil.***
***Iemand saam wie jy die res van jou lewe wil deur-bring.***
***Net eenkeer in 'n leeftyd ontmoet mens iemand …***

***… soos jy!***

| | | |
|---|---|---|
| Maart | 8 | Hoepfner & Elsa Wiese |
| | 27 | Jos & Natashia Rabie |
| | 27 | Johan & Caron Swanepoel |
| April | 7 | Danie & Eleanor du Plessis |
| | 23 | Dawie & Bettie Mullins |
| Mei | 17 | Rina & Gerrie van Aswegen |
| | 22 | Vernon & René Müller |

## RESEPTE

**Ek plaas vandag 2 resepte.**

**Bettie Mullins het die heerlikse koolslaai vir ons gebring en hier is haar resep.**

**KOOLSLAAI : BETTIE MULLINS**

**1 Groot gekerfde koolkop**
**1 Klein ui gekerf.**
**Seldery of groenrissie gekerf.**

**SOUS:**

**Kook saam:**

**1 Kop suiker**
**1 teelepel droë mostert**
**1 teelepel seldery**
**1 teelepel gewone sout**
**1 koppie asyn**
**½ koppie olie**

**Gooi kokende sous oor kool. Bêre in fles in yskas.**

**(Dit kan lank gehou word).**



## RESEPTE

***BRAND BEET**: Geraldine Muller*

3 kg Beet, gekook en in blokkies gesny.
2 Uie fyn gekap
2 Koppies suiker
2 Koppies asyn
3 Eetlepels Maizena (in lou water aangemaak)
1 Eetlepel kerriepoeier
1 Teelepel sout.

Meng suiker en asyn en roer op stoof totdat suiker opgelos is.

Voeg uie en beet by en kook vir 10 minute.

Voeg kerrie en sout by en kook vir verdere 5 minute.

Voeg die aangemaakte maizena by en kook net deur.

Bottel warm.

*Ekstra: Jy kan ‘n halwe koppie sweet chilli-sous bysit vir ekstra geur en smaak.*



## 79 JESUS GAAN JERUSALEM TRIOMFANTLIK BINNE

Markus 11 vertel van Jesus se triomfantlike intog in Jerusalem.
Soek die woorde wat in hierdie verhaal voorkom.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | D | N | T | O | L | S | S | A | N | M | R | Y | E | L | K | E | W | D | U |
| T | U | K | C | Q | E | R | E | I | O | F | T | H | G | F | D | T | I | D | S |
| S | I | A | F | R | T | F | D | Z | Q | X | V | J | K | L | M | W | N | P | Q |
| H | K | R | A | B | M | R | N | H | T | B | J | Z | Y | X | A | T | V | U | R |
| O | J | K | S | H | O | U | E | J | Y | O | E | W | I | D | N | A | S | C | E |
| O | S | W | T | A | C | Y | E | E | G | N | R | L | T | M | I | Y | R | P | M |
| G | B | L | E | S | S | I | S | N | D | S | U | G | S | U | E | Q | X | A | Z |
| S | N | D | I | E | L | A | E | S | E | H | S | G | R | E | B | F | Y | L | O |
| T | G | M | A | O | H | S | G | E | C | U | A | H | M | A | W | E | D | M | N |
| E | A | W | D | T | D | U | I | E | I | K | L | R | M | Y | N | A | K | T | T |
| H | M | O | U | N | T | N | U | I | N | O | E | F | B | E | T | H | P | A | G |
| E | U | L | A | V | A | G | O | A | P | Y | M | N | A | H | T | E | B | K | F |
| M | A | T | I | T | O | N | M | W | N | T | E | R | L | Y | W | L | I | K | M |
| E | Q | O | E | B | Y | A | P | H | Y | R | V | B | E | T | F | A | G | E | B |
| L | H | B | W | D | E | U | R | S | G | O | T | H | T | O | R | D | Y | S | A |
| N | R | E | T | B | I | K | B | P | R | Y | S | B | E | N | A | O | T | P | L |
| A | Y | T | U | N | K | R | H | A | H | A | C | D | R | T | V | E | I | E | A |
| S | C | H | R | L | N | P | T | U | M | S | I | U | C | A | M | O | E | V | Z |
| O | E | I | D | I | O | A | D | O | N | K | I | E | G | N | I | K | V | J | Q |
| H | R | T | W | Q | D | I | S | S | I | P | E | L | S | S | K | J | H | M | X |

- Betanië ☐
- Betfage ☐
- Dawid ☐
- Dissipels ☐
- Donkie ☐
- Geseënd ☐
- Hoogste hemel ☐
- Jerusalem ☐
- Olyfberg ☐
- Palmtakke ☐
- Prys ☐
- Skare ☐

*Prys God! Geseënd is die Een wat kom in die Here se Naam! Geseënd is die koningsheerskappy van ons voorvader Dawid wat aan die kom is! Prys God in die hoogste hemel!* MARKUS 11:9-10

*Dankie Lynette vir hierdie bydrae*

# SAWA Wapadrand Jaarprogram 2025

| 2025 Kampnaweke | | | | | | 2025 Kampplekke | Plek-ke | Bestuurslid/ Kampkoör-dineerder | Rigting | Kamptariewe | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | | | | | | |
| Februarie | 31/1-2/2 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | | San Cha Len | | | | | |
| Maart | 28/2-2/3 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Hartbeeshoek | | | | | |
| April | 4-6 | 11-13 | 17-21 | 25-27 | | Presidente ( Streek-skamp) | | | | | Paasnaweek |
| Mei | 1-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/5-1/6 | Buffelspoort, Kuier Kamp | | | | | |
| Junie | 6-8 | 13-16 | 20-22 | 27-29 | | Kaalvoet Koppies | | | Noord | | Gebiedskamp |
| Julie | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | Weesgerus, Gebiedskamp (Streekskamp)(25 –27 Bosveld kamp) | | | Noord-wes | | 25-27 Julie; Bosveld kamp |
| Augus-tus | 1-3 | 8-10 | 15-17 | 22-24 | 29-31 | Bass Lake - AJV | | | | | |
| Septem-ber | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | Bush Inn, Nasionaal & 100+ (Streekskamp) | | | | | |
| Oktober | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | Sionsberg - Kuierkamp (Streekskamp) | | | | | Saamkuierkamp |
| November | 31/10-3/11 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Drie Berge | | | | | |
| Desember | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | | | | |